

# **Skep welvaart uit jou huidige inkomste – deur deskundiges se geheime te ontdek**

“Wealth is the product of man’s capacity to think”  
*William E. Borah*

Manus Moolman  
Tel 087 808 4461  
Posbus 70557  
Die Wilgers 0041  
info@myebroker.co.za  
[www.myebroker.info](http://www.myebroker.info)

<http://www.bemotivatedtoday.com/content.asp?Pageld=2&refcode=48247>

# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

### HOEVEEL GELD IS GENOEG?

'n Magtige finansiële krag wag op ontsluiting

### WIL JY REGTIG WELVAREND WORD?

Bekamp eksterne bedreigings

Vermyn denkfoute met betrekking tot persoonlike finansies

Vind uit waarom minder as 10% Suid-Afrikaners finansiëel onafhanklik kan aftree

*Vaste voordeel en vaste bydraefondse*

*Aftree-gaping*

*Mediese inflasie*

*Loopbaanverandering*

*Vroeë aftrede*

*Lewensverwagting*

Beplan vir sukses

*Ontwikkel die regte ingesteldheid*

*Benader jou persoonlike finansies soos 'n besigheid*

*Beplan doelgerig*

### WAAR KRY EK GELD OM TE BELÊ?

Betaal skuld af

Besnoei uitgawes

Verhoog jou salaris

Leen geld

Begin 'n besigheid

*Sien jy kans vir 'n nuwe besigheid?*

*Watter soort besigheid?*

*Lewensvatbaarheid*

*Besigheidvorm*

*Finansies*

*Bemarking*

Unieke bydraes

Saketransaksies

### BETAAL DIE KEISER WAT HOM TOEKOM - NET NIE MEER NIE!

Wie betaal belasting?

*Meerderjariges*

*Minderjariges*

*Trusts en bestorwe boedels*

*Maatskappye*

Kapitaalwinstbelasting

Stappe in die bepaling van jou belastingaanspreeklikheid

*Bruto inkomste*

*Inkomste*

*Belasbare inkomste*

*Inkomstebelasting betaalbaar*

### *Belastingkortings*

Standaard-inkomstebelasting op werknemers  
Voorlopige belasting  
Skenkingsbelasting  
Boedelbelasting  
Belasting op beleggings en beleggingstrukture

*Aandele*

*Buitelandse beleggings*

*Effektetrusts*

*Eiendom*

*Gekoppelde produkte*

*Jaargelde en lyfrentes*

*Pensioenfondse*

*Rentedraende beleggings*

*Uitgestelde vergoeding*

*Uittree-annuïteite*

*Versekeringspolis*

*Voorsorgfondse*

Planne om 'n surplus inkomste uit belasting te skep

*Struktureer jou inkomste*

*Huwelik*

*Belastingvrye beleggings*

*Vergroot belastingaftrekkings*

*Verdeel inkomste tussen gades en kinders*

*Maatskappymotor of vervoertoelaag?*

*Mediese fondse*

*Verlaag jou gemiddelde belastingkoers voor aftrede*

### DIE UITGAWE WAT MENS ONGELUKKIG MOET AANGAAN VOORDAT JY WELVAART KAN SKEP

Versekerbare risiko's

Versekeringskontrakte

*Aansoekvorm*

*Eienskappe van versekeringskontrakte*

Lewensversekering

*Versekeringskontrak*

*Aansoeker en versekerde lewe*

*Begunstigdes en genomineerdes*

*Sessies*

*Polisvoordele*

*Termynversekering*

*Helelebensversekering*

*Uitkeerversekering*

*Uittree-annuïteite*

*Byvoordele*

*Algemene aspekte rakende risiko polisse*

Kategorieë lewenspolisse

*Polisse met vaste voordele (sonder wins)*

*Polisse met winsdeling*

Hoeveel lewensversekering het ek nodig?

Aftrede

*Pensioenfondse*  
*Voorsorgfondse*  
*Bewaringsfondse*  
*Uittree-annuïteite*  
*Inkomste uit ander beleggings*

Boedelbeplanning

*Boedelbeplanningstegnieke*  
*Testamente*

Mediese fondse

Korttermynversekering

*Huiseienaarsversekering*  
*Huisinhoud*  
*Motorversekering*  
*Alle risiko's*  
*Persoonlike aanspreeklikheid*  
*Persoonlike ongeluksversekering*  
*Belangrike notas*

WATTER HUISWERK MOET MENS DOEN VOORDAT JY 'N BELEGGING KIES?

Bepaal hoe beleggingsbeginsels jou keuse beïnvloed

*Opbrengs en risiko*  
*Omstandighede wat jou risiko toleransie kan verander*  
*Risikoprofiel*

Neem kennis van die beskerming wat die finansiële stelsel jou bied

*Deelnemers*  
*Wetgewing en regulasies*  
*Markte*

Ken jou vennote

*Aandelemakelaar*  
*Bankbestuurder*  
*Eiendomsagent*  
*Prokureur*

Rekenmeester

*Versekeringstussenganger*  
*Eindgebruiker*

Wat is die beste belegging?

*Doel*  
*Risiko*  
*Likiditeit*  
*Belasbaarheid*  
*Tydperk*  
*Kostes*  
*Moenie in iets belê wat jy nie verstaan nie*

BELEGGINGSOPSIES

Finansiële markte en bates

*Geldmark*  
*Valutamark*  
*Kapitaalmark*

Fisiese bates

*Eiendom*

*Diamante*

*Krugerrande*

*Kunswerke*

*Tenkhouers*

*Diverse beleggings*

Beleggingsprodukte

*Effektetrusts*

*Klassifikasie van effektetrusts*

*Gekoppelde produkte (LISPS)*

*Indeksfondse*

*Versekeringspolis*

*Effektetrust of uitkeerpolis?*

Doel van die belegging

*Noodfonds*

*Kapitaalgroei*

*Bewaring van kapitaal*

*Inkomste*

METODES OM WELVAART TE BESTUUR

Stop - verlies

Diversifiseer

Kapitaalwaarborg by uitkeerdatum

Benut siklusse

Formule planne

*Konstante-rand-gemiddelde*

*Konstante-getal-aandele-gemiddelde*

*Konstante-rand-plan*

Verskansingsfondse

Stel jou eie bestuursplan op

FINANSIËLE DOELWITTE VIR ELKE LEWENSFASE

Kindertyd

Eerste werk

Huisgesin en kinders op skool

Kinders verlaat die huis tot met aftrede

Aftreejare

GENIET 'N WELVARENDE LEWE

## INLEIDING

*“Rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymeekaarmaak, word ryk.”  
Spreuke 13:11*

In Desember 2004 het die weekblad, *Finansies & Tegniek*, berig dat daar 700 mense in Suid-Afrika is wat as superryk geklassifiseer word. Hierdie mense het bates van meer as R200 miljoen. ‘n Stap laer op die rykdom ranglys, is diegene met hoë netto batewaardes. Om hiervoor te kwalifiseer, moet jy belêbare bates van R6 miljoen rand hê.

Mense wat nie in een van hierdie kategorieë val nie, wonder waarskynlik hoe die superrykes dit regkry. Het hulle ryk geërf of was hulle net gelukkig?

## HOOFSTUK 1: HOEVEEL GELD IS GENOEG?

*“Ek sou kon doen met ‘n miljoen – my met ses nulle kon versoen”  
Lucas Maree*

Vir een persoon is ‘n miljoen rand baie geld, maar vir die meeste van ons is dit nie genoeg om mee af te tree nie. Ses miljoen rand se belêbare bates beteken egter dat mens ‘n hoë netto batewaarde het. Dit mag vir baie salaristrekkers onbereikbaar klink, maar dit is baie moontlik as jy betyds begin om die finansiële beginsels in te span wat deskundiges gebruik.

Wanneer het ‘n mens genoeg geld? Hoeveel kapitaal het jy nodig om finansiëel onafhanklik af te tree? Hoe ryk moet mens wees om as ‘n miljoenêr geklassifiseer te word?

### ‘n Magtige finansiële krag wag op ontsluiting

Tensy mens ‘n groot erflating ontvang of die Lotto wen, moet jy hard werk om die inkomstebron te skep om finansiëel onafhanklik af te tree. Een van die mees doeltreffende maniere om hierdie bron tot stand te bring, is vrylik tot ons almal se beskikking, maar omdat ‘n mens dit nie onmiddelik kan sien of waarneem nie, gebruik slegs ‘n klein persentasie van die bevolking dit. Diegene wat *wel* die voordele van hierdie krag verstaan en benut, tel onder die rykste van die rykes. Die beste voorbeeld is die mees suksesvolle belegger van alle tye, Warren Buffet. Buffet was ‘n student van die beleggingsfilosoof, Benjamin Graham aan die Universiteit Columbia in die VSA. Na sy studiejare het hy in 1957 familie en vriende oortuig om \$105 000 in sy nuwe beleggingsonderneming te belê. Vandag is sy portefeulje meer as \$20 *biljoen* werd! Naas Bill Gates van Microsoft was Buffet die afgelope aantal jare die rykste mens ter wêreld.

## HOOFSTUK 2: WIL JY REGTIG WELVAREND WORD?

*“Any dominating idea, plan, or purpose held in your conscious mind through repeated effort and emotionalized by a burning desire for its realization is taken over by the subconscious and acted upon through whatever natural and logical means may be available”  
Napoleon Hill*

Enige gemiddelde Suid-Afrikaner kan skatryk word as hy of sy weet watter bedreigings om te vermy, op finansiële denkfoute bedag is, ‘n passie ontwikkel om geld te maak en soos ‘n deskundige beplan.

Dit klink ongelooflik. In die eerste paar bladsye het ons reeds gesien hoe ‘n mens, sonder enige spesialiskennis en sonder dat dit veel moeite verg, jou netto batewaarde deur ‘n daaglikse besparing van R3, met een miljoen rand kan verhoog! Al wat dit verg, is ‘n bietjie

dissipline en om jou maandelikse verbandpaaieiment met R90.07 op te skuif. Dan is daar nog beloftes van miljoene meer!

### **Beplan vir sukses**

Sal jy regtig graag R21 474 000 op jou naam wil hê soos in die eksperiment van die sent wat 31 keer verdubbel? Is dit hoegenaamd moontlik as jy nie een of ander goudaar raakbaar nie? Goeie nuus is dat dit *wel* moontlik is. Die voorwaarde is egter dat jy *besluit* jy dit wil hê, *planne beraam* om dit te kry, *organiseer*, tot *aksie* oorgaan, gedissiplineerd met die planne *aanhou* en vordering gereeld *evalueer* miljoen te spaar, kom hy net R147 per maand kort! As hy nie 'n pensioenfonds het nie en die bedrag deur middel van 'n uittree-annuïteit spaar, is daar boonop nog 'n aansienlike belastingvoordeel.

### **HOOFSTUK 3: WAAR KRY EK GELD OM TE BELÊ?**

"You are never given a wish without also being given the power to make it true. You may have to work for it,  
however"

*Richard Bach*

'n Gewone salaris sal jou nie skatryk maak nie, maar as jy rykdomskeppende beginsels gebruik, kan jy 'n opbrengskoers van 550% in een van 6 400% en 'n belegging van R100 in R2.6 miljoen verander!

Dit is goed en wel om doelwitte te hê, maar as jy nie geld het om dit te implementeer nie, was al die harde werk met die opstel daarvan verniet. Soos dit teen dié tyd duidelik is, is dit nie nodig om vir 'n groot surplus te wag voordat jy dit begin belê nie.

### **HOOFSTUK 5: DIE UITGAWE WAT MENS ONGELUKKIG MOET AANGAAN VOORDAT JY WELVAART KAN SKEP**

"When sorrows come, they come not single spies,  
But in battalions"  
Shakespeare

Wees jou eie makelaar en spaar duisende rande. *Byvoorbeeld*: Betaal die helfte minder vir lewensversekering!

Jy het nou jou finansiële doelwitte opgestel en besluit om geld te spaar waardeur jy oor 20 jaar, wanneer jy 60 is, finansiëel onafhanklik gaan word. Jy is opgewonde en kan nie wag om meer van beleggings te leer sodat jy jou keuse kan maak nie. Alles werk tot dusver goed uit en jy is gelukkig en tevrede...

Skielik lui die telefoon. Dit is jou buurman. Hy vertel dat sy bakkie die vorige aand gesteel is. Nee, dit was nie verseker nie. Dadelik is jou goeie bui iets van die verlede en jy dink aan twee inligtingstukke wat jy 'n week gelede onder oë gehad het. Daarin word beweer dat 200 000 mense jaarliks in Suid-Afrika sterf en 120 000 ongeskik word om te werk. Dit het jou ook opgeval dat een uit elke vier mense voor 60 kanker kry en een uit drie voor 60 hartprobleme ondervind. Jy is byna 40 en wil graag uitvind watter bedrygings daar die volgende 20 jaar op jou wag totdat jy op 60 finansiëel onafhanklik aftree. Jy vind uit dat mense tussen 41 en 59 om die volgende redes sterf:

Ongelukke:	13%
Kanker en kwaadaardige gewasse:	13%
Kardiovaskulêre siektes:	24%

Respiratoriese probleme:	10%
Misdaad en geweld:	13%
Ander siektes:	24%

Wat gaan van jou vrou en kinders word as een van hierdie risiko's jou tref en jy nie genoeg geld aan hulle nalaat nie? Hulle moet 'n huis hê om in te woon en jy skuld nog R353 000 op die verband. Jy het 'n oortrokke bankrekening van R15 000 en betaal nog aan jou motor af.

## HOOFSTUK 6: WATTER HUISWERK MOET MENS DOEN VOORDAT JY 'N BELEGGING KIES?

“Die kliënte wou 'n mooi storie hê. Ek het geen brosjure of balansstate gehad nie. 'n Dokument vol spelfoute, maar met baie stempels op, was vir hulle genoeg sekuriteit. Wanneer hulle geldgierig raak, raak hulle blind. Gierigheid versper alle verstandigheid.”

*Jürgen Harksen – selferkende Duitse swendelaar*

Besluit of jy jou **R1 000** tot **R45 259** of tot **R1 469 771** wil laat groei. Deur professionele beleggingsbeginsels te benut, kan jou beleggingsresultate aansienlik verbeter.

Jy het nou jou norme en lewenstandaard hersien, jouself gemotiveer, finansiële doelwitte beplan, uitgawes besnoei, dalk 'n deelydse besigheid begin en jou teen risiko's beskerm. Die laaste stap is eenvoudig om die oorskotinkomste wat jy gaan ontvang, in 'n beleggingsprodukt wat goeie opbrengs lewer, te belê en voor jy jou oë uitvee, het jy jou finansiële doelwitte bereik!

Is die laaste stap regtig so eenvoudig? Kom ons kyk 'n bietjie na twee moontlike resultate van 'n finansiële plan. Gestel jy belê vir twintig jaar maandeliks R1 000 teen 9% rente per jaar, dan het jy R667 886 teen die einde van die termyn. Met 'n rentekoers van 10%, verhoog die bedrag na R759 368 – 'n verskil van R91 482 terwyl die rentekoers slegs 1% hoër is! As jy geweet het watter belegging 1% beter sou vaar, was jy R91 482 ryker!

Die vraag is nou *hoe* weet 'n mens watter belegging die beste gaan vaar?

## HOOFSTUK 7: BELEGGINGSOPSIES

The sower may mistake and sow his peas crookedly; the peas make no mistake,  
but come up and show his line”

*Ralph Waldo Emerson*

Uiteindelik is ons nou op die punt om die regte belegging te kies vir die groeikoers wat ons by die opstelling van ons finansiële doelwitte gebruik het. Dit is 'n komplekse keuse. Behalwe dat die belegger die basiese beleggingsbeginsels moet verstaan, is daar 'n magdom beleggingsopsies beskikbaar om uit te kies. Om 'n besluit te neem, is nie so maklik nie. 'n Makelaar het my op 'n keer vertel dat dit vir hom moeiliker is om beleggingsbesluite oor sy eie geld as oor dié van ander te neem – besluit hy verkeerd, raak dit sy eie sak!

## HOOFSTUK 8: METODEDES OM WELVAART TE BESTUUR

“Nine-tenths of wisdom consists in being wise in time”

Teddy Roosevelt

As ‘n belegging se waarde met 50% daal, moet dit weer met 100% styg om die punt te bereik waar dit voor die daling was. Deskundige beleggers hou nie daarvan om geld te verloor nie. Daarom het hulle metodes ontwikkel om verliese te beperk.

Die ongelooflike het gebeur. Jy het jou uitgawes verlaag, jou inkomste verhoog en ‘n klomp geld deur die regte beleggingsbesluite gemaak. Jou beleggingsportefeulje het tot só ‘n groot bedrag gegroei, dat die inkomste wat jy daaruit sal kan ontvang, groot genoeg is om op te hou werk. Gelukkig hou jy nog soveel van jou werk dat jy dit nie oorweeg om af te tree nie. ‘n Nuwe onsekerheid begin egter aan jou knaag. Toe jy jonger was, kon jy nog berekende kanse met groei-aandele waag, maar nou wil jy nie kapitaal verloor nie. Hoe kan jy dit beskerm?

## HOOFSTUK 9: FINANSIËLE DOELWITTE VIR ELKE LEWENSFASE

“Life is real! Life is earnest!  
And the grave is not a goal.”

*Longfellow*

‘n Beleggingstrategie wat vir ‘n agtjarige geskik is, is nie noodwendig vir ‘n tagtigjarige geskik nie. Kies dus die belegging wat by jou lewensfase pas.

Alhoewel elkeen van ons unieke omstandighede het, is daar in elke lewensfase algemene oorwegings wat by die opstelling van finansiële doelwitte in ag geneem moet word. ‘n Kind sal ‘n ander strategie volg as ‘n afgetredene, ‘n broodwinner met vier afhanklikes sal ook weer ‘n ander strategie gebruik as ‘n wedevrou sonder enige afhanklikes.

## HOOFSTUK 10: GENIET ‘N WELVARENDE LEWE

“Happiness can be defined, in part at least, as the fruit of the desire and ability to sacrifice what we want now for what we want eventually.”

Stephan R. Covey

Geluk beteken dat jy ‘n lewensdoel het en dat jy besig is om dit te bereik. Geld is ‘n hulpmiddel in hierdie proses wat dit vir jou makliker moet maak – nie moeiliker nie. Jy moet nie geld se slaaf wees nie, maar dit tot jou voordeel gebruik. Geld moet vir *jou* werk. Dit is wanneer geld die einddoel word, dat jy die vreemde gevoel ervaar dat jy, ten spyte van al jou suksesse, ‘n betekelose bestaan voer.

Om waarlik gelukkig te wees, moet ‘n mens weet dat daar ‘n *doel vir jou is* wat niemand anders so goed as jyself kan vervul nie. Hiermee saam verhoog die vermoë om jou doelwitte te bereik, jou geluk. Almal wat positief glo dat hulle hierdie vermoë het, het die wedren reeds gedeeltelik voltooi. Die ander noodsaaklike gedeelte van die legkaart is om *finansieel daartoe in staat te wees*. Alhoewel geld as sodanig nie geluk bring nie, is dit dus ‘n onontbeerlike hulpmiddel om jou doelwitte te bereik.

Al verg dit aanvanklik geduld en toewyding, kan 'n mens jou toekomstige lewenstandaard deur finansiële beplanning oneindig verbeter en kan jy jou lewe onbevange geniet. 'n Mens kan 'n welvarende lewe geniet as jy besef dat geld dalk nie geluk bring nie, maar dat dit jou kan help om jou lewensdoel en visie te bereik. Sonder 'n doelgerigte benadering tot die lewe is al die geld wat jy bymekaargemaak het, in elk geval betekenisloos.